Kaartjies te koop by Ticketpro

www.innibos.co.za

innibos® LAEVELD NASIONALE KUNSTEFEES

27 TOT 30 JUNIE 2024

Produksieprogram 2024

nati NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

ATKV

TRAC TRANS AFRICAN CONCESSIONS

unigrad college

Canary Walk Mall

buscor

SUDWALA CAVES

MPUMALANGA

www.innibos.co.za

Innibos Produksieprogram

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

Toneel: Drama-komedie **ALBATROS**

Met Louw Venter en Ben Albertyn
Teks: Louw Venter
Regie: Tara Notcutt
Gradering: Geen o/13 Ouerbegeleiding

Datum en tyd:
Do 27 Jun 09:00; Vr 28 Jun 13:00 ; Sa 29 Jun 13:00
Venue: Mbombela Stadsteater
Tydsduur: 60 min
Prys: R190 Debuut

'n Innibos-produksie, moontlik gemaak deur NATi.

Albatros is die aangrypende verhaal van 'n pa en seun se soeke na versoening met mekaar en hulself. Tragiese gebeure veroorsaak dat 'n jong Benjamin alleen sy babaseun, Abel, grootmaak. Jare later het Abel – nou self 'n jong man - soortgelyke probleme as sy pa ontwikkel, en skielik word hulle gekonfronteer met die spoke van die verlede. Benjamin is besig om 'n boot te bou en probeer sy onwillige seun by die bouery betrek om sodoende tot hom deur te dring. Dis tragedie, dis komedie, dis al die dinge wat mans so sukkel om tussen mekaar gesê te kry. Moenie hierdie vlagskip-produksie misloop nie.

Toneel: Drama **FORTE**

Met Rika Sennett en Adriaan Havenga
Teks en regie: Pierre-André Viviers
Gradering: Gesin

Datum en tyd:
Do 27 Jun 10:00; Vr 28 Jun 14:00 ; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 60 min
Prys: R190 Debuut

'n Innibos-produksie, moontlik gemaak deur NATi.

Emma Barker, 'n wêreldbekende tjellis, sit al bykans 'n jaar in 'n donker kamer en staar na haar gewese man se tjello. Sy kan haarself net nie so ver kry om weer musiek te maak nie. Alhoewel haar man siek was, is sy oortuig dat die siekte nie die oorsaak van sy dood was nie. Iemand lieg vir haar. Dan stap 'n jong musiekstudent een oggend ongenooid in haar huis in. Sy ken hom van geen kant af nie, maar tog weet hy alles van haar af. Sy begin vir hom, teen haar wil, musieklesse gee. Sy moet eenvoudig uitvind wie die vent is. Hoekom laat hy haar so baie aan haar oorlede man dink? Watter diep geheim bewaar hy? Veteraanaktrise Rika Sennett en Fiëstawenner Adriaan Havenga lewer 'n kragtoer in hierdie produksie.

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

Toneel: Drama **OP DIE HOEK VAN STYX EN RIVER IS NORA PER ABUIS MET DIE DOOD OORGESLAAN**

Met Sandra Prinsloo en David Ralph Viviers
Teks: Henque Heymans
Regie: Toni Morkel
Gradering: Gesin

Datum en tyd:
Do 27 Jun 16:00; Vr 28 Jun 09:00 ; Sa 29 Jun 15:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 90 min
Prys: R190

'n KKNK, Suidoosterfees, Innibos, Vrystaat Kunstefees en Momentum Beleggings Aardklop ko-produksie is samewerking met Leftfoot Theatre Productions, moontlik gemaak deur NATi.

Die hiernamaals is toe baie minder deftig as wat ons gedink het – verbeel jou 'n staatsdepartement uit die 1970's. Dis waar Nora haarself bevind. Die enigste probleem is, sy's nooit dood nie en niemand wil haar glo nie. Sy besluit tog om hierdie kans aan te gryp om haar oorlede man in die anderkant van die dood te gaan soek en hom, met die hulp van 'n sjarmante gids, terug te bring huis toe. 'n Pragproduksie wat nie misgeloop mag word nie.

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

Toneel: Tragikomedie **1 (EEN)**

Met Cindy Swanepoel en Zak Hendrikz
Teks: Henriëtta Gryffenberg
Regie: Alby Michaels
Gradering: Geen o/15

Datum en tyd:
Do 27 Jun 15:00; Vr 28 Jun 17:00 ; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Mbombela Stadsteater
Tydsduur: 70 min
Prys: R190

'n Momentum Beleggings Aardklop-produksie ondersteun deur NATi.

1 (EEN) is magiese realisme en bewegingsteater op sy komieklikste. Hiss en Hirr se huwelik word vergelyk met die verhouding van 'n Siamese tweeling: twee mense wat so lief vir mekaar was, dat hulle fisies aanmekaar vasgegroei het. Die paartjie wil nou skei, maar sal hulle die skeiding fisies en emosioneel oorleef? Dié tong in die kies parodie, bring die oeroue tema van liefde en verganklikheid onder die soeklig, en plaas dit in 'n abstrakte ruimte wat strek van oneindigheid tot in die dae toe die Griekse god, Zeus, vir Plato geïnspireer het om die mite van die wieletjie mense neer te pen. Is die mens bestem om sy ander helfte te vind en vir altyd gelukkig te lewe? Of is die kanse hiervan 'n onberekenbare, wiskundige formule van totale onmoontlikheid? Hierdie is 'n besliste moet-sien-produksie.

Toneel: Komedie **BALLADE VAN 'N BLIKBREIN**

Met Luan Jacobs
Teks: Barry van Rensburg
Regie: Kaz McFadden
Gradering: Gesin

Datum en tyd:
Do 27 Jun 19:00; Vr 28 Jun 09:00 ; Sa 29 Jun 16:00
Venue: Mbombela Stadsteater
Tydsduur: 70 min
Prys: R180 Debuut

'n Innibos-produksie.

Ballade van 'n Blikbrein is 'n vars, uitdagende eenman-komedie. Blikkies Bliknaut is 'n robot wat soos 'n mens lyk, maar hiper-slimmer en hiper-sterker. Tog smag hy na iets anders: hy het nie emosies nie en hy kan nie sy eie besluite neem nie. Sy denke en aksies word deur sy algoritmes voorgeskryf. Via vele komiese, maar ook hartseer situasies, beleef ons Blikkies se tevergeefse pogings om die leemtes in sy mondering aan te vul. Die kinkel aan die einde verras selfs vir Blikkies. Hierdie stuk uit die pen van die bewese komedie-skrywer Barry van Rensburg, daag die gehoor uit om die robot binne elkeen van ons te ontdek. Ballade van 'n Blikbrein is humor wat hoop gee.

Toneel: Komedie **DIE VROU OP DIE DAK**

Met Je-ani Swiegelaar
Teks en regie: Germandt Geldenhuys
Gradering: Geen o/14

Datum en tyd:
Do 27 Jun 10:00; Vr 28 Jun 16:00 ; Sa 29 Jun 10:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 75 min
Prys: R180

'n Vrou besef sy is op die punt om alles te verloor... haar man, haar lewe en haar huis. Stootskrapers en slopingsvoertuie arriveer om haar huis en haar lewe om te dolwe. In 'n desperate poging om die verlies uit te stel (en hopelik af te stel), klim sy tot bo-op die dak van haar huis. Van hier bo af lyk die wêreld heel anders. Sy baklei met bure, omstanders en selfs met die slopingspan wat in afwagting staan en wag vir haar terugkoms aarde toe. Gaan hierdie nuwe uitsig haar 'n nuwe uitkyk op die lewe gee? "Die vrou op die dak is 'n teatrale meesterstuk wat komedie en tragedie gemaksugtig vermeng en 'n gedagteprikkelende ervaring skep. Je-ani Swiegelaar se merkwaardige vertoning as René Nieuwoudt is niks minder as buitengewoon en voortreflik nie."
– Leoné Goosen, Litnet

Toneel: Absurde komedie

HOSPITALE, KATETERS EN FAMILIELEDE

Met Wynand van Vollenstee, Stephanie Baartman, Tiart Li en Marissa Claasen
Teks en regie: Wynand van Vollenstee
Gradering: Geen o/14 (Taal)

Datum en tyd:
Do 27 Jun 16:00; Vr 28 Jun 10:00 ; Sa 29 Jun 15:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 80 min
Prys: R190 Debuut

'n Innibos-produksie.

Gedeelde badkamers, alewige geraas, buisligte wat permanent brand, skerp reuke wat ander reuke probeer verdoesel, kieme wat aan alles vasklem en die vriendelike kombuissuster wat jou probeer oortuig jy bestel van 'n top a la carte menu ... Hierdie is 'n skreeusnaakse, absurde komedie wat almal wat al ooit iets met 'n hospitaal te doen gehad het, sal laat skaterlag en soms 'n traan laat pink. Veertien verskillende karakters vertel in hierdie unieke produksie hul eie storie oor prosedures, verhoudings en familie soos net in 'n hospitaal opgedis kan word. Die stories, karakters, absurde prosedures en mediese toerusting laat veel te wense oor vir hierdie siele wat saam 'n stryd voer in wat amper na 'n hopelose situasie lyk. Tog is daar iets om te ontdek en te leer by ander. Die wat saam met ons deur ons donkerste ervarings gaan, raak soms ons beste vriende... of dalk nie? Kom ontmoet die verpleegsters, dokters, pasiënte, familielede en selfs 'n Alsatian in hierdie eg Suid-Afrikaanse skaterlag storie.

Toneel: Klug

OU WYNTOON EN DIE WEERLOSE KREATUUR

Met Esther von Waltsleben, Johann Nel en Jan-Hendrik Opperman
Teks: Verwerking van Anton Tsjechov-kortverhaal deur Nico Luwes
Regie: Nico Luwes
Gradering: Gesin

Datum en tyd:
Do 27 Jun 10:00; Vr 28 Jun 16:00 ; Sa 29 Jun 10:00
Venue: Laeveld Laerskool
Tydsduur: 45 min
Prys: R190

In hierdie skaterlag klug tref die sonde van 'n oormaat rooiwyn en piekels ou Wyntoon so erg dat die pyn van sy toon deur sy lyf tot in sy oor skiet as hy net 'n geluid hoor. Hy smag na stilte, maar toe daag die kermende, weerlose ou vrou op en dryf hom tot raserny! Ou Wyntoon se pieperige assistent, Snotneus, probeer sonder sukses die twee uitmekaar hou. Moet nooit 'n ou vroutjie, al is sy 'n weerlose kreatuur, onderskat nie. Sy vat die twee manne aan soos net 'n verontregte vrou kan. Met haar verskuilde toorkragte en oorredingsvermoë sal sy kry wat haar toekom. 'n Skaterlagklug vir die hele gesin en 'n les vir mans met 'n liefde vir rooiwyn! Kom geniet die klugtige aksie en pittige dialoog soos net uit die pen van bobaas klug- en komedieskrywer, Nico Luwes, kan vloei.

Genre: Satire **A STREET TAXI NAMED DESIREE**

Artists: Pule Buys, Lucky Mqoboli & Sibusiso Mkhize
Producer: Obett Motaung
Grading: Family

Time and Date:
Thu 27 June 15:00; Fri 28 June 13:00; Sat 29 June 16:00
Venue: Laeveld Laerskool
Duration of play: 45 minutes
Price: R160

An Innibos production supported by NATi.

This satirical play lays bare the intrigues of the local taxi culture. Each facet of the taxi ride is depicted in individual scenes portraying the point of view of the driver, the passenger, and even the observers. As an audience, one cannot watch the various facets of this play and be left untouched. Tears will more than likely be spilled. Perhaps from laughter, probably from pure joy and maybe even due to some deep introspection. A street taxi named Desiree is physical theatre at its best that will transport you to a different world for a quick trip.

nati
NASIONALE AFRIKAANSE TEATER-INISIATIEF

Toneel: Skerpskerts **MAMMA SE GROOT SEUN**

Met Schalk Bezuidenhout.

Vervaardiger: Erns Grundling
Regie: Schalk Bezuidenhout
Gradering: Geen o/14 (Taal)
Debuut

Datum en tyd:
Sa 29 Jun 12:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 60 min
Prys: R180

Schalk Bezuidenhout is terug by Innibos - een van sy gunstelingfeeste op Aarde. En hy tree deesdae oral op Aarde op - vir sy gebruiklike Saterdagmiddag stand-up komedie vertoning. Schalk raak net soos die goeie rooiwyn wat hy graag drink: al hoe beter saam met die jare wat aanstap. En snaakser. Koop betyds jou kaartjie en trakteer vir 'n uur lank jou lagspiere in die geselskap van een van Suid-Afrika, ag sommer Afrika én die wêreld – se topkomediante. As jy Schalk nog net op Instagram gesien headbang het terwyl hy sê "Feeling Good, Feeling Positive!" is jy in vir 'n ding: Schalk is baie snaakser op die verhoog. Kom kry jou komedie-wenresep by Schalk Bezuidenhout. Hy is op 31 steeds mooi en nou ook volwasse. Noem hom sommer Mamma se groot seun.

TRAC
TRANS AFRICAN CONCESSIONS

MPUMALANGA SCAFFOLDING

Die traprysitplekke is moontlik gemaak deur TRAC en opgerig deur Mpumalanga Scaffolding.

Dance

Genre: Dance NOAH

Artists: PJ Sabbagha, Nicholas Aphane, Smangaliso Ngwenya, Sandisiwe Masina
Producer: The Forgotten Angle Theatre Collaborative
Grading: Family

Date and time: Vr 28 Jun 10:00; Sa 29 Jun 13:00
Venue: Laeveld Laerskool
Duration of play: 45 Minutes
Price: R160

Noah is a multi-media dance work exploring the notions of loss, love and letting go. It uses the frame of irreversible climate change as an immersion in the moment of crisis, from which there is no return. Lit only by solar jars and the projected imagery of an underwater world, the live performers are in constant dialogue with a watery world as the projected film seeps into the live performance space and the shadows of the live performers penetrate the world of the projection.

The boundaries between flesh and image, between past, present and future dissolve, creating a sophisticated and layered visual text that evokes a deeply affective experience at the point of no return – a moment when we are looking forwards and backwards at the same time.

"....supremely beautiful and wistfully unhinged..."
– Robyn Sassen

Musiekproduksies

Musiek: Kontemporêr **KOOS EN VALIANT**

Met Koos Kombuis, Valiant Swart en Illimar Neitz

Gradering: Geen o/16 (Taal)

Datum en tyd:
Wo 26 Jun 18:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 70 min
Prys: R190

Koos en Valiant is soos rooiwyn en 'n kaggelvuur, die een maak die ander net lekkerder! Hierdie twee veterane van die langpad deel die verhoog vir die eerste keer in 'n lang tyd net hier, by Innibos. Hulle speel liedjies van toeka se dae, maar ook liedjies van hulle meer onlangse albums. Met die ondersteuning van Illimar Neitz op kitaar, beloof hierdie om 'n onvergeetlike ervaring te wees.

Musiek: Kontemporêr **NATANIËL IN CONCERT**

Met Nataniël en Charl du Plessis

Gradering: Geen o/16

Datum en tyd:
Do 27 Jun 18:30
Venue: Sudwala-grotte Ouditorium
Tydsduur: 75 min
Prys: R300

Ondersteun deur die Sudwala-grotte

Stap die verstommende wêreld van Nataniël binne, waar elke oomblik 'n avontuur van verrassings is. Met 'n onweerstaanbare mengsel van musiek, lekkerlag stories en eiesoortige kostuums, neem Nataniël die gehoor op 'n reis deur die verbeelding wat hul harte en gedagtes betower. Hierdie vertoning vind plaas in die pragtige Sudwala-grotte met sy uitsonderlike akoestiek en atmosfeer. Saam met Nataniël op die verhoog is die begaafde Steinway-pianis, Charl du Plessis. Kom deel in die magic van Nataniël se wêreld en laat jouself meesleur op 'n reis vol glans en glorie. 'n Samewerking tussen Innibos en Unigrad. Beslis 'n wenresep!

Musiek: Musiekteater **MIXTAPE VAN DIE LIEFDE**

Met Jana Cilliers, Mathys Roets, Anna Davel, Johny Klein, Stephanie Baartman, Laurinda Hofmeyr en Leon Gropp.
Regie: Anna Davel
Musiekregie: Laurinda Hofmeyr en Leon Gropp
Teks: Saamgestel deur Anna Davel uit die bloemlesing van Antjie Krog
Gradering: Geen o/13
Ouerbegeleiding (Taal)

Datum en tyd:
Vr 28 Jun 15:00; Sa 29 Jun 09:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 65 minute
Prys: R200

'n Momentum Beleggings Aardklop-produksie ondersteun deur NATi.

Liefde is soms morsig, meestal misterieus en maak mense dikwels mallerig. Hierdie bundel, saamgestel deur Antjie Krog, is 'n Mixtapemengelmoes van álles wat die liefde is. Dit bevat stemme van diverse Suid-Afrikaanse digters. Dit reik oor temas, kultuurgroepe en generasies heen, maar op die ou end word almal ewe hard omgedolwe, platgetrek óf opgehef deur die liefde.

Die musikante en akteurs is perfek gekies om hierdie Mixtape van die liefde vlerke te gee. Antjie Krog se meesterlike samestelling van liefdesgedigte gryp aan, ontroer en oorbrug grense. *Mixtape van die liefde* is 'n feesviering van dit wat ons Suid-Afrikaanse landskap van liefde uniek maak. Dit wys presies hoe ons liefhet, verloor, treur en halsoorkop bemin.

Genre: Popmusic

BOYS R BACK - THE ULTIMATE BOYBAND SHOW

Artists: Germandt Geldenhuys, Lee Scott, Reynardt Hugo, Ruan Josh and Willem Botha
Musiekregie: Chanie Jonker en Lee Scott
Choreografie: Lona's Dance Academy
Producer: Corné Oosthuizen vir CO Productions
Grading: Family

Date and time: Vr 28 Jun 10:00; Sa 29 Jun 15:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Duration: 80 minutes
Price: R200

Get ready to be transported back to the golden era of boybands. This nostalgic musical journey will feature a star-studded lineup all coming together to pay homage to the iconic boybands that stole our hearts.

Prepare to relive the magic of Westlife's harmonious ballads, the infectious energy of the Backstreet Boys, the soulful tunes of Boyzone, the chart-topping hits of One Direction, the catchy melodies of Hanson, the synchronized moves of *NSYNC, the youthful charm of Eden and the playful tunes of Hi-5 to name a few. This exceptional line-up promises to take fans on a rollercoaster of emotions, with each song transporting them to the moments that define a generation.

Avontuur

ZIPLINE BY SUDWALA-GROTTE SAAM MET DROOMSINDROOM

Saam met die manne van Droomsindroom:
Kirsten Richard en Kyle Joshua.
Gradering: Geen 0/15.

Spesiaal vir 15- tot 25-jariges.

Datum en tyd:
Wo 26 Jun 15:00
Venue: Sudwala-grotte Zipline
Tydsduur: 120 minute
Prys: R300

Moontlik gemaak deur Sudwala-grotte se bestuur.

Die Sudwala zipline avontuur is perfek vir die jonges wat op soek is na 'n bietjie opwinding en adrenalien in die vakansie. Kom gly 150 meter bo die Houtbosloop-vallei in die Mankele berge en sien die Laeveld se natuurskoon vanuit die lug. Die manne van Droomsindroom, Kirsten en Kyle, gaan hierdie avontuur meemaak.

Daar is slegs plek vir 30 jongmense.

Na die avontuur kom almal bymekaar by Sudwala-grotte se restaurant waar elkeen heerlike warm sjokolade kry. Hierdie is 'n een-keer-'n-leeftyd-ervaring wat nie misgeloop moet word nie. Harnasse en alle toerusting word verskaf. Trek net gemaklike klere en tekkies aan, want daar is 'n kort stappie van die landingsplatform tot by die restaurant.

Musikale Meander

Musiek: Klassiek **MUSIKALE MEANDER**

Met Amira Willighagen (sopraan), en Charl du Plessis (pianis), Stéfan Louw (tenoor), Zanta Hofmeyr (violis), Susan Mouton (tjellis), Jeanne Louise Moolman (alt-violis), en die Nocoré Ensemble
Gradering: Gesin

Datum en tyd:
Vr 28 Jun 15:00 en 17:00
Venue: Sudwala-grotte
Tydsduur: 260 minute
Prys: R300 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)

Busse vertrek stiptelik vanaf NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr. 36.

Kom beleef die pragtige omgewing, asemrowende klowe en grotte met van die land se bekendste klassieke kunstenaars. Die ***Musikale Meander*** beloof om 'n besondere ervaring vir elke feesganger te bied. Feesgangers ry op die bus tot by die Sudwala-grotte restaurant. Hier gaan die stryktrio Zanta Hofmeyr op viool, Susan Mouton op tjello en Jeanne Louise Moolman op altviool optree. Hulle gaan werke van Beethoven en Dohnanyi uitvoer. Dan word feesgangers bederf met 'n heerlike koppie sop om die winterkoue te besweer. Hierna kom Stéfan Louw aan die beurt. Dié gevierde tenoor sing vanaf 1999 en word beskou as 'n nasionale skat vir sy buitengewone stem. Stéfan se veelsydigheid blyk uit ikoniese rolle soos Alfredo in La Traviata en Radames in Aida, wat 'n blywende indruk op gehore agterlaat. Sy solo-optredes by musiekfeeste en jaarlikse vertonings by Birdsong Teater in Stilbaai bevestig sy reputasie. As 'n vervaardiger is Aria! Opera for Everyone sy bekendste vertoning. Die voortdurende sukses sedert die vertoning se ontstaan in 2001 getuig van sy universele aantrekkingskrag. Stéfan gaan 'n betowerende uittreksel van hierdie vertoning uitvoer. Feesgangers kan uitsien na 'n harmonieuse samevoeging van musikale uitnemendheid en opvoedkundige verryking, wat 'n onvergeetlike ervaring vir almal verseker. Dan is dit 'n kort maar stewige stappie na die grotte waar die Nocoré Ensemble gaan optree. Die Nocoré Ensemble is 'n groep van 12 sangers wat in die uitvoering van 21ste-eeuse musiek spesialiseer. Hulle gaan 'n paar nuut saamgestelde en pragtige a capella-werke van die beste koorkomponiste van ons generasie sing. Die ensemble verdeel dikwels in 8 tot 12 verskillende stemme wat 'n gehoorwonderland van komplekse klank skep. Niks is mooier as klokhelder koorstemme in die Sudwala-grotte se wonderlike akoestiek nie.

Die laaste aandoenplek is diep in die maag van die grotte waar die bekende Amira Willighagen saam met die Steinway-meesterpianis, Charl du Plessis gaan optree. Amira Willighagen het bekendheid verwerf toe sy Holland's Got Talent in 2013 op negejarige ouderdom gewen het. Sedertdien het sy saam met vooraanstaande kunstenaars gewerk en het sy selfs saam met die wêreldbekende André Rieu en sy orkes opgetree. Amira het die bynaam Mimi, en haar fassinasie met die ikoniese Mimi Coertse het gelei tot 'n huldeblyk-konsert: Mimi sing Mimi. Amira en Charl gaan 'n fragment uit hierdie pragtige konsert waarvan Charl die musikale regisseur was, uitvoer. Hoendervleis-lekkerte om hierdie feesmaal van musiek mee af te sluit.

ATKV-Boeke-crawl

ATKV Boeke-crawl

Met Etienne van Heerden en ULTRACoustic Duo (Wilken Calitz, Dirkie van Staden); Koos Kombuis en Jana Cilliers; Refentse en Johny Klein
Gradering: Volwassenes

Datum en tyd:
Do 27 Junie 15:00 en 17:00
Plek: Kaapsehoop Tydsduur: 260 minute
Prys: R350 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)

Produksie moontlik gemaak deur die ATKV en ondersteun deur Bohemian Groove Cafè, Nagkantoor, Silver Mist-gastehuis en Van Loveren-wyne.

Busse vertrek stiptelik vanaf NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr. 36.

Na 'n afwesigheid van 4 jaar is die boeke-crawl weer terug op die Innibos spyskaart. Hierdie produksie was een van Innibos se wenresepte en die kaartjies daarvoor was elke jaar héél eerste uitverkoop.

Die ***ATKV-Boeke-crawl*** is 'n moet vir elke feesganger wat glo in die krag van die woord, hetsy 'n greep uit 'n roman deur 'n topskrywer, 'n kortverhaal wat jou laat regop sit, of 'n trefseker gedig. Voeg daarby musiek en die tafel is gedek vir kos vir die siel. Feesgangers kry 'n doppie-koppie met 'n knertsie muskadel en 'n serp om die ergste koue van die mistieke dorpie, Kaapsehoop, te besweer. Daar is drie aandoenplekke waar daar rondom boeke, woorde en wysies gekuier gaan word.

Die eerste aandoenplek is Bohemian Groove Café waar daar rondom die letterkunde van die liefde gekuier gaan word. Hier gaan akteur Johny Klein en sanger Refentse wys hoe vloei woord en lied ineen in 'n vlegsel van letter en klank. Alles rondom die emosies wat liefde ontlok. Werke van verskeie skrywers gaan naatloos verweef word tot pure lekkerkry.

Die tweede aandoenplek is die kapel by Silver Mist Country Inn. Hier gaan die groot gees van Afrikaans letterkunde, Etienne van Heerden, gesels oor sy magiese roman Gebeente en ook fragmente daaruit voorlees. Die regte atmosfeer gaan met kitaar en viool geskep word deur ULTRACoustic Duo, Dirkie van Staden en Wilken Calitz.

Dan stap die feesgangers na Nagkantoor se OppiToneel waar feesgangers getrakteer gaan word met lekkerte uit die oeuvre van Koos Kombuis. Uit hierdie kulturele ikoon se pen het 'n outobiografie, roman, riller, talle rubrieke, kortverhale, gedigte en liedjies gevloei. Jana Cilliers gaan van sy treffende werke voorlees, terwyl Koos self sy liedjies gaan sing. Met woorde, sinne, verse, verhale en musiek is die ATKV-Boeke-crawl 'n unieke en eiesoortige woordreis wat nie misgeloop moet word nie.

Hongerpyne word afgeweer deur ligte verversings by die aandoenplekke. Laataand keer die busse weer terug na Mbombela.

Na 'n afwesigheid van 4 jaar is die boeke-crawl weer terug op die Innibos spyskaart. Hierdie produksie was een van Innibos se wenresepte en die kaartjies daarvoor was elke jaar héél eerste uitverkoop.

Leefstyl

KOStelik

Met Corli Prinsloo en Leon Gropp

Gradering: Volwassenes

Datum en tyd:
Vr 28 Jun 11:00 ;
Sa 29 Jun 12:00
Venue: Fleur de Lis by Nelspruit Hoërskool
Tydsduur: 60 minute
Prys: R160
Debuut

'n Innibos-produksie, moontlik gemaak deur Canary Walk

Corli Prinsloo en Leon Gropp (beide van OntbytSAKE faam) neem jou op 'n kragtoer met Kos, Komedie en Kuns.

Kom wees deel van 'n prettige, pittige vertoning met kos en musiek. Leer 'n paar maklike, vinnige resepte uit Corli se resepteboek, terwyl Leon jou vermaak met musikale nommers uit sy pen asook 'n bekende lied of twee. Feesgangers het die geleentheid om self hulle hand te waag aan 'n paar resepte of konkoksies, en daar is heelparty lieflike verrassings wat wag. Ag, en ons bedien 'n wyntjie, so los maar vir boet en sus by die huis as hulle nog minderjarig is.

Kos, musiek, lag, en kuier - Voorwaar 'n WENresep!

Poetry Slam

Poetry Slam
Date and time:
- **Sat 29 Jun 13:30 - 15:30**
- **Sat 29 Jun16:30-19:30**

Venue: The Royal Lodge Jabulan

Cover charge: R50

Words in my Mouth is a poetry platform in Mbombela with the aim to promote arts in general in the city, as well as giving up and coming poets the opportunity to perform. In the first session, the poets' duets will take place where poems will be delivered in different languages. Come listen to poems in English, Siswati, and Afrikaans. After a successful All Woman Poetry Slam, it is back on Saturday. Come hear how powerful women can articulate matters from the heart.

This is the coolest place to be during Innibos 2024.

Call Menzi Mkhonza on 073 512 1435 or visit www.wordsinmymouthpoetry.co.za to find out more about the slam vibe!

www.innibos.co.za

ATKV-Kuns- en Boeke-oase

Nelspruit Laerskool Kultuursentrum

Die ATKV-Kuns- en Boeke-oase is dié plek
om te ontspan en kos vir die siel te kry!
Toegang tot die terrein is gratis,
en hier kan jy heeldag rustig kuier, koop en luister.

Boektafel
Na die gesprekke met die onderskeie skrywers, sal die skrywers se boeke te koop aangebied word.

McNellies Koffiewinkel
Heerlike ligte etes, versnaperinge en die beste koffie in die geweste sal te koop aangebied word om die innerlike te versterk. So kom skep asem en smul!

ATKV-Boekgesprekke
GRATIS

Bekende en geliefde skrywers verklap elke dag hul skryf- en ander geheime tydens die ATKV-Boekgesprekke. Kom maak kennis, luister na wat hulle inspireer en laat jou boek onderteken!

Danie Marais

EK EN JY BESTAAN NIE UITGEGEE DEUR NB UITGEWERS

Datum en Tyd:
Do 27 Jun 13:00
Gesprekleier: Danie du Toit (TBC)

Ek en jy bestaan nie is die langverwagte vierde bundel uit die pen van die bekroonde digter Danie Marais. Soos in sy vorige bundels is dit gedigte wat openhartige, intieme gesprekke met die leser aanknoop. Hierdie keer gaan dit egter nie oor persoonlike verhoudings en morsige liefde nie, maar oor die ongemakke van ras en klas, en die maniere waarop die verlede die hede beïnvloed in 'n era van toenemende politieke ongeduld, paranoia en polarisering. Dis 'n bundel oor die menslike middelklastoestand en die unbearable whiteness of being wat waag om eerlik te praat oor die dinge waaroor mense liefs stilbly in die voorstede van Stellenbosch waar 'n koue burgeroorlog stil in die boomryke strate woed.

Leon van Nierop **DROOMJAGTER UITGEGEE DEUR PENGUIN**

Datum en Tyd:
Do 27 Jun 14:00
Gesprekleier: Annemarie van der Walt.

Hierdie is 'n roman met die tema *Ware liefde moet verdien word*. 'n Joernalis word na 'n lodge gestuur om 'n artikel oor die bosveld se mees romantiese jagter te skryf. Sy krap 'n byekorf vol geheime en skok-ontdekkings oop. Dié enigmatiese man ontsluit al haar geheime begeertes en kort voor lank gooi sy een na die ander inhibisie oorboord. Dit lei haar op 'n pad waar daar geen omdraaikans is nie. Maar dan die knoop in die kabel. Het Lucas Jordaan, die droomjagter, dalk sy vrou vermoor?



ATKV

Etienne van Heerden **GEBEENTE UITGEGEE DEUR NB UITGEWERS**

Datum en Tyd:
Vr 28 Jun 11:00
Gesprekleier: Annemarie van der Walt.

Dit is byna vier dekades ná Toorberg. Met 'n onverwagte trein kom Magistraat Imker Goedeman (wat destyds as jong man die afarmmagistraat van Toorberg, Abraham van der Ligt, in die gange van Bellville se landdroshof raakgeloop het) aan op Gebeente, 'n klein dorpie op die Vergete Grootpad noord van Sutherland. Die omgewing is geruk deur 'n opspraakwekkende plaasmoord, maar 'n nog komplekser saak moet ondersoek word: die diefstal van die Melkweg...
Ons is hier in die buurt van onwaarskynlikhede en eindelik word die ganse regstelsel uitgedaag. Historie, mite en allegorie word sjarmant verweef in dié meesleurende, fassinerende roman, en voer Etienne van Heerden sy kenmerkende magiese realisme die verste wat hy dit nog in sy hele oeuvre gevoer het.

Amore Bekker **EK HET 'N ENGEL GESIEN UITGEGEE DEUR NALEDI**

Datum en Tyd:
Vr 28 Jun 16:00
Gesprekleier: Annemarie van der Walt.

Ek het 'n Engel gesien bevat 72 stories van Suid-Afrikaners se ervarings met Engele. Dié boek is met sy diep menslike ervarings van hoogs geestelike wesens in elke uithoek van ons land gevul ... Van gevaarlike paaie en traumatiese ongelukstonele tot pediatriese sale en intensiewesorgeenhede. Van 'n verpletterde ma, wat langs haar dogter se ongelukstoneel deur drie onsigbare vroue in hoëhakskoene gehelp is en die wanhopige pasiënt wie se oorlede ouma in 'n pers gewaad 'n leërskare engele na haar bed toe gelei het tot die geheimsinnige vertroosting van 'n wit veer op 'n tafel in 'n industriële gebied sonder 'n boom of voël in sig. Die boek is tans in sy 6de druk wat die gewildheid daarvan onderskryf.

MATHEWS PHOSA - BOEKGESPREK

Datum en Tyd:
Sa 29 Jun 11:00
Gesprekleier: Annemarie van der Walt.

Mathews Phosa is tans besig met sy derde Afrikaanse digbundel. Hy kom gesels oor sy liefde vir Afrikaans en die twee geskiedenisboeke wat in wording is. Mathews is 'n stigterslid van Innibos Kunstefees en dien al twintig jaar as Voorsitter op die Innibos Direksie. Kom luister na hierdie merkwaardige man en die pad wat hy saam met in die Afrikaanse Kultuur-landskap gestap het.



Riaan Grobler

***GEHEIME OP PHILADELPHIA* UITGEGEE DEUR LUCA, LAPA UITGEWERS**

Datum en Tyd:
Sa 29 Jun 13:00
Gesprekleier: Annemarie van der Walt.

'n Skokkende tragedie bring 'n onverwagse wenteling in almal se lewens. Geheime op Philadelphia is die debuutroman van die bekende sanger en radiopersoonlikheid, Riaan Grobler. Hierdie liefdesverhaal gee 'n blik op hoe moeilike omstandighede met liefde, aanpassing en vergifnis oorbrug kan word. Dit is 'n hartroerende verhaal oor die moontlikhede wat 'n nuwe begin kan bring.

Van Loveren Wynproe saam met Hetta Saunderson

Datum en Tyd:
- **Do 27 Jun 15:00**
- **Vr 28 Jun 13:00**
- **Sa 29 Jun 14:00**

As jy lief is vir wyn en bietjie meer daaroor wil leer, kan jy gerus die wynproe by die ATKV Kuns- en Boeke-oase bywoon. Wynkenner Hetta Saunderson van Van Loveren-wyne gaan verskillende wyne bekendstel en interessante parings met kos en peuselhappies doen. Jy gaan verstom staan oor die verskillende aspekte van wyn: geheime van die maakproses en selfs waar die regte plek is om dit te stoor.

Kom ontspan onder die bome en geniet 'n glasie wyn saam met vriende.

Musiek by ATKV-Kuns- en Boeke-oase

Tussen die boekgesprekke deur gaan daar heerlike musiek gemaak word. Kunstenaars soos Coffee Snobs, Christof Berg, Alouise en Stix gaan hier optree.

Stix

Alouise

Coffee Snobs

Christof Berg

www.innibos.co.za

Innibos Feesdigter 2024

Johan Myburg is op 17 Julie 1957 in Pietersburg (vandag Polokwane) in Limpopo gebore. Johan bring sy studentejare deur op Potchefstroom, waar hy in die teologie studeer het. In 2000 het hy 'n doktorsgraad aan Unisa behaal.

Sy eerste digbundel, Vlugskrif, is in 1984 deur Perskor gepubliseer.

Dit het Johan tien jaar geneem voordat sy tweede digbundel, Kontrafak, in 1994 by Human & Rousseau uitgegee is. Met hierdie bundel het hy die resensente aan die praat gesit en ook die Eugène Marais-prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in 1995 verower.

"Ek sien letterkunde as deel van die kunste. Die visuele kunste, musiek, verse, drama, ballet, dans, noem maar op, dit is alles een groot manier van uiting. In 2008, ná veertien jaar van digterlike stilte, word Johan se derde bundel, Kamermusiek, by LAPA-uitgewers gepubliseer.

As daar na die titels van sy bundels en gedigte gekyk word, is dit duidelik dat musiek 'n groot rol in Johan Myburg se lewe en digkuns speel. "Daar is in woorde 'n ongelooflike musikaliteit. En musiek is vir my belangrik," vertel Johan.

In 2017 verskyn Johan Myburg se vierde digbundel Uittogboek wat met groot genot op grond van klank- en woordspel en die betowering van beelde geniet word. Volgens Joan Hambidge is Uittogboek 'n komplekse bundel wat handel oor die geskiedenis, ver en naby, en die programgedig is 'n herdigting van die bekende sterfgedig van die Romeinse keiser Hadrianus.

Nie net is Uittogboek in 2018 die wenner van die ATKV-Woordveertjie vir poësie nie, maar in 2020 verower Johan ook die Hertzogprys vir poësie.

Sy jongste bundel, Narreskip, verskyn in 2022 by Protea Boekhuis.

Johan sê: "Woorde moet 'n mens steeds versigtig kies, maar ek dink luister raak 'n groter noodsaaklikheid. My geslag veral, neem aan ons weet. Ek dink ons moet minder dawer en meer luister.

Johan het spesiaal vir Innibos 'n gedig rondom die tema Feesmaal geskryf. Hierdie gedig gaan in musiek, dans en visuele kuns uitgebeeld word tydens die vereringsgeleentheid wat op 26 Junie 2024 om 18:00 by die ATKV Kuns- en Boeke-oase plaasvind. Jaco van Schalkwyk is die kunstenaar wat die gedig visueel gaan uitbeeld, terwyl Franco Prinsloo die komponis gaan wees wat die gedig gaan toonset. Die gedig gaan deur Émil Haarhof in dans uitbeeld word terwyl ULTRACoustic Duo (Wilken Calitz en Dirkie van Staden) die musiek gaan maak.

Verwerk vanaf www.litnet.co.za

Boekbekendstelling

Luan Nel | ***MALTA BELLA GEPUBLISEER DEUR NEL ART***

Datum en Tyd:
Vr 28 Jun 16:00

Tydsduur:
60 minute

Venue:
Botanical Garden Restaurant

Prys:
GRATIS

Hierdie boek is 'n insiggewende blik op die werk van kunstenaar Luan Nel. Nel is bekend vir sy skilderye wat die wêreld uitbeeld, maar ook vir sy optredes as Donatella Visagie. Hierdie boek strek oor drie dekades van hierdie kunstenaar se oeuvre wat verskeie temas ondersoek en wat in verskillende mediums uitgevoer word, soos skilderkuns, installasie en fotografie.

Nel se behendigheid om in verskillende mediums te skep en terselfdertyd rondom verskeie temas te werk, word pragtig deur die boek geïllustreer.

Behalwe vir foto's van sy kunswerke, sluit hierdie boek ook 'n aangrypende versameling van essays geskryf deur skrywers soos Alexandra Dodd, Brenton Maart, Wilhelm van Rensburg, Robin Sassen en onderhoude met kunstenaars, Moshekwa Langa, Ilya Rabinovich, en Sosiale Geregtigheid-prokureur en aktivis Keval Harie in.

Luan Nel se boek bestaan uit 'n magdom verskillende stories en gesigspunte, elkeen in diepte en met fynheid verken.

Citybug Loof Hom Innibos @ Church Unlimited

Citybug Loof Hom Innibos @ Church Unlimited

Datum en Tyd:
Sondag 30 Junie 2024 om 18:00

Venue: Church Unlimited Nelspruit

GRATIS

Innibos sluit op 'n gepaste wyse af met Citybug Loof Hom Innibos @ Church Unlimited.

Almal word hartlik uitgenooi om te kom deel in die danksegging en lofprysing saam met Bernice West en Herleef.

Hierdie gratis konsert word aangebied in samewerking met Citybug en Church Unlimited.